# HEBREËRS 3:1-11

## TEMA: Deelgenoot van die Hemelse Roeping

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: HEBREËRS 3:1-11**

**Heb. 3:1 Daarom, heilige broeders, deelgenote van die hemelse roeping, let op die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis, Christus Jesus,**
**Heb. 3:2 wat getrou was aan Hom wat Hom aangestel het, net soos Moses ook in sy hele huis.**
**Heb. 3:3 Want Hy is meer heerlikheid waardig geag as Moses, namate hy wat die huis gebou het, meer eer het as die huis;**
**Heb. 3:4 want elke huis word deur iemand gebou, maar Hy wat alle dinge gebou het, is God.**
**Heb. 3:5 En Moses was wel getrou in sy hele huis as 'n dienaar, om te getuig van wat nog gespreek sou word,**
**Heb. 3:6 maar Christus as Seun oor sy huis. En ons is sy huis as ons net die vrymoedigheid en die roem van die hoop tot die einde toe onwrikbaar vashou.**
**Heb. 3:7 Daarom, soos die Heilige Gees spreek: Vandag as julle sy stem hoor,**
**Heb. 3:8 verhard julle harte nie soos in die verbittering, in die dag van die versoeking in die woestyn nie,**
**Heb. 3:9 waar julle vaders My versoek, My beproef het en my werke veertig jaar lank gesien het.**
**Heb. 3:10 Daarom het Ek vertoornd geword op daardie geslag en gesê: Altyd dwaal hulle met die hart. Maar húlle het my weë nie leer ken nie,**
**Heb. 3:11 sodat Ek in my toorn gesweer het: Hulle sal in my rus nie ingaan nie.**

**-o0o-**

***Dit is onduidelik wie die skrywer van die brief aan die Hebreërs is.***

**Die skrywer lui hoofstuk 3 in met die volgende woorde:**

***Heb. 3:1 Daarom, heilige broeders, deelgenote van die hemelse roeping, let op die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis, Christus Jesus,***
***Heb. 3:2 wat getrou was aan Hom wat Hom aangestel het, net soos Moses ook in sy hele huis.***
***Heb. 3:3 Want Hy is meer heerlikheid waardig geag as Moses, namate hy wat die huis gebou het, meer eer het as die huis;***
***Heb. 3:4 want elke huis word deur iemand gebou, maar Hy wat alle dinge gebou het, is God.***

### 1. Verskeie vrae ontstaan uit hierdie gedeelte:

A. **Aan wie rig hy hierdie brief;** Met wie praat hy?
Hy praat met heilige broeders, wat die volgende vraag na vore bring:

**B. Wie is hierdie heilige broeders?**
Hulle is deelgenote van 'n hemelse roeping; hy sê: "*let op"…* met ander woorde, hou julle oë op die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis, Jesus Christus.

**C. Hoekom verwys hy na hulle as heilige broeders?**
Omdat hulle 'n hemelse roeping het; hulle is deelgenote aan 'n hemelse roeping.

D. **Wat is hierdie hemelse roeping?**
- Dit is die belydenis van die Apostel en Hoëpriester Jesus Christus.
- Dit is die volkomendheid van Hom wat openbaar moet word in die mensdom in hierdie lewe.

-o0o-

- Hierdie is dus kinders van God wat alreeds besef wat hulle roeping in die lewe is. Ons moet onthou Christus is die vervulling en vrug van die verbonde van die Ou Testament.
    - Hy het Homself in die Nuwe Testament openbaar as die Paaslam wat geoffer is;
    - Hy het die bloed gegee van die nuwe Verbond en daarom sê die skrywer: *julle is heilige broeders, want julle is deelgenote aan die hemelse roeping om die belydenis te doen van ons Apostel en Hoëpriester Jesus Christus*

E. **Wie is hierdie Here Jesus Christus?**
Hy is die een wat getrou was aan Hom (God die Vader) wat Hom aangestel het net soos Moses ook in sy hele huis. Daar verwys die skrywer terug na die berg Sinai se verbond, die Wet.

**Wie of wat is die huis waarvan hier gepraat word?**
- Ons is die huis; Sy tempel en in hierdie dae is God besig om Sy tempel weer op te rig. Toe Christus se dissipels Hom vertel van die tempel se prag, toe sê Jesus: *Joh 2:19: Jesus antwoord en sê vir hulle: Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig.*
- Dit was 'n heenwysing na Sy eie liggaam, maar die eintlike heenwysing na die 3de tempel wat vandag Sy liggaam is; wat in hierdie dae opstaan en nou in die derde dag van die opstanding Sy heerlikheid, Sy oorwinning; Sy triomf uitdra na buite.

*-*

Kom ons gaan net vir 'n oomblik terug na die begrafnis van Christus Jesus.

## 2. BEGRAFNIS

Mat 27:62 Die volgende dag—dit is die dag ná die voorbereiding—kom die owerpriesters en die Fariseërs by Pilatus saam
Mat 27:63 en sê: My heer, ons herinner ons dat dié verleier, toe hy in die lewe was, gesê het: Oor drie dae staan ek op.
Mat 27:64 Gee dan bevel dat die graf verseker word tot die derde dag toe, dat sy dissipels nie miskien in die nag kom en Hom steel nie, en vir die volk sê: Hy het opgestaan uit die dode. En die laaste dwaling sal erger wees as die eerste.
Mat 27:65 Daarop sê Pilatus vir hulle: Julle sal 'n wag kry; gaan verseker dit soos julle dit verstaan.
Mat 27:66 En hulle het gegaan en die graf verseker deur die steen te verseël in teenwoordigheid van die wag.

Die Joodse Raad, die Sanhedrin, gaan nadat Christus begrawe is, na Pilatus toe en versoek dat die graf verseël word. Hulle wou verseker dat Jesus se dissipels nie Sy liggaam steel en dan verkondig dat Hy uit die dood uit opgestaan het, soos Jesus voorspel het. Pilatus se antwoord was: julle sal 'n wag kry; gaan verseker dit soos julle dit verstaan.

## 3. ONDERBEWUSSYN

**Hierdie is tiperend van waar die siel bewussyn (consciousness) inkom.**
- *Pilatus is 'n tipe van die bose wat probeer om die opstanding te verberg*;
    - Om te verklaar dat daar nooit 'n opstanding was nie;
    - Om te verklaar daar is nooit oorwinning oor die dood behaal nie;
    - Daar is nie oorwinning oor die hel nie.

- *Die kennis neem weer oor en dit is die gevolg van sisteme en godsdienste*.
    - Die ware en opregte Christendom;
    - Die openbaring van die opstanding; die verbond (covenant) is verseël met die klip sodat die verstand dit kon verstaan.
    - Ons kan egter nie die Woord verstaan nie; ons moet die Woord glo.

- *Pilatus sê die graf is verseël*

Dit beteken die opstanding is toegemaak, niemand kan dit sien nie.

- *Hy plaas wagte daar by die graf*:
    - Dit is die 5 sintuie wat die siel se bewussyn beheer..

-o0o-

- Dit die 5 konings van Joshua wat aan die pale opgehang moes word.
- Dit is die 5 sintuie in die liggaam wat vir die vlees openbaar wat gebeur.

- *Hy plaas hierdie wagte by die graf sodat die wagte kan keer dat die opstanding plaas vind.*
- Hierdie dinge moet in die gees gesien word, naamlik:
  - Die vleeslike bewussyn is juis daar om te keer dat die realiteit; die werklikheid, die openbaring van die opstanding sal plaasvind, wat die deurbraak van die gees is.
  - Maar, vroeg in die môre, die dag met die aardbewing het die klip weggerol (met die omruil van die wagte) het die wagte geword soos dooies; die vleeslike bewussyn moet sterf.

## 4. VERBOND

Ons is nou in daardie dae wanneer Jesus Christus deur Sy Gees die openbaring van die opstanding sal bring. Maar voor die opstanding was daar 'n aardbewing wat die klip weggerol het; en dit is die oordeel (judgment) van die hoer wat nou moet plaasvind.

- Dit is die menslike goed waarop die mens gebou en vertrou het, en nog steeds 'n god van maak in plaas van die lewende God.
- Dit is Sy 3de tempel wat Hy in hierdie dae oprig; die manne en vroue wat heilige broeders is van die hemelse roeping, deelgenote geword het en die belydenis dra van die Apostel en Hoëpriester Christus Jesus. Dit is Sy liggaam, Sy bruid, die ware kerk; dit is hulle wat in Sy dood gedoop is. Dit is hulle in wie se gees die Gees van die opstanding plaasgevind het.

*Heb. 3:5 En Moses was wel getrou in sy hele huis as 'n dienaar, om te getuig van wat nog gespreek sou word,*
*Heb. 3:6 maar Christus as Seun oor sy huis. En ons is sy huis as ons net die vrymoedigheid en die roem van die hoop tot die einde toe onwrikbaar vashou.*

Christus is Seun oor Sy huis. Die verbonde het tot vervulling gekom in Christus Jesus. Nou is daar net een verbond, naamlik **bloed verbond** (blood covenant)**.** Hierdie Verbond het Hy in die bo-vertrek met Sy "regering" (government), die 12 dissipels, gemaak wat die Koninkryk verteenwoordig. Hierdie Verbond is met Sy Bruid, sy liggaam gesluit, waar Hy gesê het "dit is My liggaam wat aan julle gebied word, gaan dan heen en maak dissipels van alles nasies en doop hulle.

Mat 28:18 En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.
Mat 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.
Mat 28:20 En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen

## 5. HERSTEL

Jesus bedoel dat alles wat die mensdom kom opmors het, het Hy weer in die regte posisie teruggebring, Hy het weer die versoening teweeggebring met die Vader, "Ek het weer die lyne kom regtrek". Jesus sê "Ek het vir julle die voorbeeld gestel, gaan doen nou alles soos Ek julle geleer het. Moenie weer afwyk van hierdie saak nie. Bly op die lyne loop; bly op die spoor loop. Julle is geleer, julle het die Woord, julle het die Heilige Gees volg Hom". Dit is die Here van Sy huis. Hy is besig om Sy huis te bou deur Sy Gees.

## 6. LUISTER

*Heb. 3:7 Daarom, soos die Heilige Gees spreek: Vandag as julle sy stem hoor,*
*Heb. 3:8 verhard julle harte nie soos in die verbittering, in die dag van die versoeking in die woestyn nie,*
*Heb. 3:9 waar julle vaders My versoek, My beproef het en my werke veertig jaar lank gesien het.*
*Heb. 3:10 Daarom het Ek vertoornd geword op daardie geslag en gesê: Altyd dwaal hulle met die hart. Maar húlle het my weë nie leer ken nie,*
*Heb. 3:11 sodat Ek in my toorn gesweer het: Hulle sal in my rus nie ingaan nie.*

-o0o-

Mense hierdie is verskriklike woorde, maar dit is ‘n realiteit. Ons kan nie ons kop wegdraai van dit nie. Mense wil nie die waarheid hoor nie, en daar is kinders van die Here wat hierdie boodskappe ignoreer en blok wat ek uitstuur.

Die vraag is, is Christus Jesus nog die God van die Verbond in ons lewe? Of het ander dinge so belangrik geword dat ons nie meer tyd vir die Here het nie.

God se toorn gaan oor die mensdom ontvlam; ons sal nie hiervan kan wegvlug nie. Sy Woord is die waarheid en daar staan geskrywe dat die oordeel moet kom. Voor die opstanding was daar ‘n aardbewing; die skudding gaan plaasvind . Gaan ons huise bly staan? Gaan dit waarop ons gebou het bly staan? Want net as ons op die rots Jesus Christus gebou het, Hom eerste plaas, dan gaan ons huise bly staan.

**En hoe funksioneer ons?**
Gaan ons maar net Sondae kerk toe en laat alle geestelike verantwoordelikhede oor aan ons geestelike leiers? Mense roep baie vinnig hul predikant in as moeilikheid opduik. Die arme geestelike leiers moet dan hul arms afwerk, want die mensdom is te lamsakkig om hul eie huise en eie roepings te vervul. Dit kan nie van die geestelike leiers verwag word om namens ander se swak geestelike verhouding met God vir hul dade in te staan nie. Dit gaan oor elkeen se persoonlike roeping en hoe jy dit moet vervul.
.
Vers 1 sê jy is deel van ‘n hemelse roeping. As jy sê jy is ‘n heilige, dan is jy veronderstel om jou hemelse roeping uit te leef, en daardie hemelse roeping is die belydenis van die Apostel en Hoëpriester Jesus Christus met wie jy dan in ‘n verbond staan. Dan word jy soos die bruid wat haar bruidegom se verbond uitlewe.

Só is ons veronderstel om ons roepings uit te lewe.
***Heb. 3:1 Daarom, heilige broeders, deelgenote van die hemelse roeping***

-o0o-